

# Jou diere

## My jong hondjie is doof en ek sukkel om met hom te kommunikeer. Het julle dalk raad?

Dr. Marianne de Vries, 'n dieregedragkenner van die Universiteit van Pretoria, sê doofheid by honde is geneties en jou hondjie kon dit by een van sy ouers geërf het. Volgens haar is die rasse met wit pelse (soos die Dalmasiërs en wit bulterriërs) dikwels doof.

Dr. de Vries stel voor dat jy met 'n paar basiese handgebare met jou hond kommunikeer. Jy kan byvoorbeeld liggies met jou palms op jou dye klap om te wys hy moet kom. Sê 'sit' deur jou een hand in 'n vuis te bal en jou wysvinger in die lug te steek. Wys grond toe as jy wil hê hy moet lê. As jou hond 'n ent weg is, kan jy hom na jou toe laat kom deur vir hom 'n speelding te gooi. Hy sal dink hy bring die speelding vir jou, terwyl jy hom eintlik 'geroep' het.

Maak seker dat almal in die gesin dieselfde gebare gebruik en dat dit maklik is om die gebare van mekaar en van alledaagse gebare te onderskei. Die meeste honde leer vinnig, maar vra jou veearts om jou na 'n dieregedragkenner te verwys as jy nie regkom nie. Moenie moed verloor nie. Al wat anders is aan dié diere is hul gehoor.

SAAMGESTEL DEUR MELISSA PHERA • HOOFFOTO: BRIGITTE SPORRER/ZEFA/CORBIS

## Swem, Jannie, swem

Laat jou troetelrot afkoel met die volgende speletjie: Maak 'n vlak bakkie vol water en sit dit op 'n vel plastiek neer. Gooi 'n paar bevrore ertjies of mieliepitte daarin en kyk hoe hy inspring om dit in die hande te kry.

## KATGESIGGIES

Katte het gevoelens nes mense en hulle wys dit met hul gesiguitdrukkings. Wees op die uitkyk vir die volgende sodat jy jou kat se buie beter kan verstaan:

- Regop ore en 'n ontspanne snorbaard is 'n teken van 'n gelukkige kat.
- Halfoop oë en 'n ontspanne snorbaard wys hy's tevrede. Jy sal dit dikwels sien as jy jou kat streel.
- As jou kat sy ore agtertoe trek en sy snorbaard vorentoe beweeg, is hy senuweeagtig of op sy hoede.
- As jou kat kwaad is of geskrik het, trek hy sy ore plat en sy oë op skrefies en sy snorbaard beweeg vorentoe.

## EK EN MY TROETELDIER

**Op 'n streep**
Wanda Britz van Bloemfontein het dié foto ingestuur van Katrien, Nafies, Rusty, Toffy, Wagter en Lisha wat op die rusbank ontspan.





**Etenstyd**
Samuel (9) van Blouberg het vir ons dié foto ingestuur van sy kat, Max.